**<u>Saterdag 3/8</u>**

Dienssentrum Basaar

**<u>Sondag 4/8</u>**

**DANKOFFERSONDAG**

**09:30 Erediens/Kategese**

Deuroffer: Herberg Kinderhuis

Diensbeurt: Waboomskloof

**<u>Sondag 11/8</u>**

**09:30 Erediens**

Deuroffer: Inst.vir Dowes

**<u>Nagmaal</u>**


***11 Augustus Nagmaal skuif na 25 Augusuts.***

**<u>Sondag18/8</u>**

**09:30 Erediens/ Kategese**

Deuroffer: VCSV

Diensbeurt: Bergwyk



# Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN




Waar die wiel grond vat...

Danksy lidmate wat oplet in die klas kom hierdie week se artikel. Laas Sondag se preek het die aand tydens die Olimpiese spele prakties sigbaar geraak waar ons Suid Afrikaner Candice Lill deelgeneem het aan die bergfiets wedren. Dit was onder my aandag gebring dat dit so mooi prakties aansluit by die boodskap van die oggend se preek. Hier is die storie.

Candice Lill is huidiglik een van die wêreld se beste bergfiets ryers. Sy was goed op dreef om tydens die jaar se Olimpiese spele `n medalje te verdien. Op 11 Junie 2024 het sy tydens die wêreld spele silwer verower. Haar harde werk van kleins af en veral in die laaste tyd het begin vrug dra. Sy het soveel opofferings gemaak, soveel ure gesweet, soveel keer “nee” gesê vir lekker dinge om “ja” te sê vir `n gedissiplineerde oefen program.

Als om haar droom te verwerklik. Haar droom om by `n Olimpiese spele haar beste te wees en te lewer.  Haar droom om dalk `n medalje te wen by die grootste sport byeenkoms in die wêreld.  Sy was goed op pad.

Sondag 28 Junie het sy goed gevaar.  Sy vertel dat sy selfs goed gevoel het.  En toe gebeur iets vreemd.  Tydens `n tegniese afdraend kon sy nie haar balans hou nie en het geval.  Dis nog `n normale ding vir haar sport.  Wat wel toe vreemd was, was dat haar agterwiel versplinter het.  Sy praat daarvan dat haar wiel "explode" het.  Dit gebeur nie so gereeld nie.  In die oomblik is haar drome vernietig.  Daar was nie `n manier dat sy `n medalje kon wen nie.  Sy het met trots haar fiets verder gedra tot by die einde.  Sy het 20ste klaar gemaak.  Met trane en vreugde.

Haar getuienis op facebook dui op die volgende:

In hierdie lewe sal ons verskillende soort moeilikhede kry.  Sy self was al deur vele.  Elke keer verlig dit vir haar die verskil tussen haar eie selfsugtige wil en beter wete van God se (soms onverstaanbare) wil.  Sy weet ook nie hoekom die dinge gebeur nie, maar dat dit gebeur en dis deel van die lewe.  Dit veroorsaak pyn, en verwarring, hartseer en teleurstelling, maar elke keer bring dit vrug van deursettingsvermoë, en karakter wat haar sterker maak.  En dit versterk haar geloof.  Dit is altyd iets om te vier.  Na als het sy weer vrede om voort te gaan (Hierdie is my vrye vertaling van haar woorde).

Rom.5:3-5 praat daarvan dat ons ons verheug oor die swaarkry, want dit kweek volharding en dit bring egtheid van geloof.  Die geskenke van ons pyn en lyding is ook onvermydelik wanneer ons na God kyk en op Hom bly fokus.

Hierdie geskenke lyk so:

Lyding suiwer ons van die verlede
Lyding genees ons van onsself
Lyding help ons om ander se pyn beter te verstaan
Lyding hou ons nederig
Lyding help ons vergewe
Beste van als…. Lyding maak ons afhanklik van God!






| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Maria | De Kock | 08/01 | 27721253629 |
| Helena | Van Zyl | 08/01 | 27722044024 |
| Dawie | Kriel | 08/02 | |
| Chris- | Reynolds | 08/02 | 27765455611 |
| Madelief | Badenhorst | 08/03 | 27724529972 |
| Barend | De Kock | 08/03 | 27825661557 |
| Barendes | Groenewald | 08/03 | 27832738363 |
| Wella | Van Deventer | 08/03 | 27823736655 |
| Erns | Van Wyk | 08/03 | 27722626110 |
| Marita | Vollgraaff | 08/04 | 27837676853 |
| Willie | Bester | 08/05 | 27832982775 |
| Annette | Du Toit | 08/05 | 27845888973 |
| Hennie | Du Toit | 08/05 | |
| Anne | Knoop | 08/05 | 27637081616 |
| Louise | Ollewagen | 08/05 | 27837403146 |
| Phoebe | Nagel | 08/06 | |
| Liam | Noeth | 08/06 | 27836471505 |
| Henk | Pieters | 08/06 | 27826326727 |
| Suzette | Pretorius | 08/06 | 27272904669 |
| Lilamay | Smal | 08/06 | |
| Letitia | Venter | 08/06 | 27833942198 |
| Anika | Coetzee | 08/07 | |
| Francois | Du Toit | 08/07 | 27824999938 |
| Corne | Koen | 08/07 | 27716861807 |
| Arnold | Koole | 08/07 | |
| Jan | De Kock | 08/08 | 27829444586 |
| Eon | Du Toit | 08/08 | 27722759036 |
| Esné | Coetzee | 08/09 | 27726955128 |
| Chris | Fourie | 08/09 | 27729696753 |
| Willie | Hanekom | 08/09 | 27814833924 |

***Protea Dienssentrum***
Caledon

Baie dankie aan een en almal wat met ons afgelope basaar op een of ander manier betrokke was. Baie dankie vir elke donasie, poedings, gebak, groente, skape, beeste, vervoer van items en vee, dienste gelewer en veral julle teenwoordigheid die oggend met die basaar. Dankie vir elkeen wat ons ouer mense dra deur die jaar. Ons waardeer dit. Dankie ook aan elke lid wat julle kant, so sonder om te kla, gebring het. Ons is lief vir julle.

## Voorbidding

Helene Rossouw (Waboomskloof)

AP Erasmus (Sentrale)

Lohette de Wet (Freesia)

Riette Steyn (De Kuil)

**<u>Preek notas 4 Aug.2024</u>**

"Ons doen eerstens alles in ons vermoë om lyding te vermy. Maar wanneer die onvermydelike gebeur en ons lyding ervaar, doen ons alles in ons vermoë om nie te treur nie. Wanneer ons dan agterkom ons treur, doen ons alles in ons vermoë om dit te beëindig." Kyle Idleman

Ons moet leer om bewustelik te treur… omhels die pyn en leer daaruit wat God ons kan leer. So gebeur groei.

St. John of the Cross beskryf geestelike onvolwasse christene met <u>7 onvolmaakthede</u>. Hy verduidelik dit so:

1. Trots- Hulle oordeel maklik ander en is ongeduldig met ander se foute. Hulle is baie selektief oor wie hulle iets kan leer.

2. Gierigheid- hulle is altyd ontevrede met wat God hulle gee. Nooit genoeg kennis, of besittings nie.

3. Luuksheid- hulle verkies eerder God se geestelike gawes as God self.

4. Woede- maklik geïrriteerd, kort van draad, min geduld om te wag op die Here.

5. Geestelike onversadigheid- hulle verkies al die geestelike plesiere, en vermy om hul kruis te dra.

6. Geestelike jaloesie- hulle vergelyk alewig met ander en is nie gelukkig met hoe ander geestelik vaar nie.

Luiaard- hardloop weg van moeilike sake en verkies geestelike lekkernye en lekker emosies.

Richard Rohr se verduideliking van Geestelike volwasse mense:

Hulle besef almal;

Die lewe is hard
Jy is nie die belangrikste in die lewe nie
Jou lewe gaan nie oor jou nie
Jy is nie in beheer nie
Jy gaan ook dood gaan

Hoe doen Job dit?

1. Gee aandag

2. Aanvaar jou beperkinge

3. Wag in die deurmekaar tyd

Word meer nederig

Geestelike groei lei na geestelike volwassenheid, en dit is `n beter verhouding met God. Meer wysheid en kennis van God.




# Ivor Swartz kom kuier vir ons in Caledon

Wanneer: 6-7 Augustus 2024 (Gratis)

Tyd: 18:30

Plek: Caledon Moedergemeente

## DOOPVIERING

**Handjies in klei**

Sondag 15 September, direk na kerk, bied ons weer 'n geleentheid vir kinders om hulle handjies in klei af te druk teen R80/Teëltjie.
Skakel gerus die Kerkkantoor om jou plekkie te bespreek.




31 AUGUSTUS 2024

## Caledon-Wes Basaar

NG KERK CALEDON-WES
09:00

ENIGE NAVRAE
KONTAK DIE KERKKANTOOR
028 212 1973




<u>Gemeenskapgeleenthede:</u>

Dienssentrum Basaar – 3 Aug
Kleuterskool manneaand – 16 Aug

# Tyd spandering






**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**



**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**

Snap here to pay
SnapScan